ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

Maart 2022

## LANDGOEDSAKE: VOER VAN VOëLS

Hierdie praktyk word ten strengste verbied, aangesien dit allerlei probleme meebring: mis word gemors op dakke en op die sonpanele; mis verstop die geute en kan wateropeenhoping veroorsaak wat plafonne kan aanklam; mis bemors die mure en houtheinings…en kan siektes oordra asook luise wat siektes veroorsaak.

Neste wat in dakke en geute gemaak word, vererger voorgenoemde probleme en maak dit moeilik hanteerbaar. Indien daar neste onder die dakke by die woonstelle gemaak word, kos dit duisende rande om 'n kontrakteur met 'n lang leer te kry om die neste te kom verwyder.
Ons is almal lief vir die natuur, maar vermy asb hierdie praktyk dan het ons ook nie later nodig om Pest Control te kry om die probleme van voëlluise (bird mites) te hanteer nie.

Dit sluit enige vorm van voer in op jou stoep, of die grasperke of in die parke: broodkrummels, stukkies kos, vrugte..

## FEEDING OF BIRDS

This practice is strictly prohibited as it cause all sorts of problems such as messing of droppings, the carriers of bird mites and diseases , nesting in roofs and elsewhere which exacerbate these problems.
We all love nature so let us protect it, avoiding later drastic infestation removal methods at high costs. This includes ALL forms of birdfeeding, including the scattering of breadcrumbs and pieces of food on lawns or your veranda/balcony. The birds are nesting on the ceilings at the flats, or under the roofs, because residents do not adhere to the request.
A few culprit residents are already identified (North block=crumbs) (South block= pieces of apple and crumbs). Fines will follow if the practice of bird feeding is not stopped immediately.

## ESTATE MATTERS :
## PETS

It has again been noticed that residents from time to time do not adhere to the conduct rules regarding pets in the estate. Often dogs are running without a leash in the streets and sometimes residents do not remove litter caused by their dogs on common property.

An extract from the relevant conduct rules reads as follows:

- It is the responsibility of the owners of pets to ensure that all litter caused by the pets is removed from the common area immediately.
- No pets are allowed in the main building, except registered guide dogs
- All pets must be on a leash and suitably controlled when they are on common property.
- Owners, occupiers and their visitors are not permitted to bring visiting pets into the estate, with the exception of registered guide dogs.
- Pets must be kept in a fenced area with an appropriate gate.
- No cats are allowed.
- Failure to comply with these rules will result in the resident being instructed to remove the pet from the estate.

## TROETELDIERE

Daar word weereens bemerk dat inwoners van tyd tot tyd nie die reëls rakende troeteldiere in die landgoed nakom nie. Honde hardloop dikwels sonder leibande in die strate en somtyds versuim inwoners om die hondemis te verwyder tydens hulle wandelinge.

‘n Uittreksel uit die betrokke gedragsreëls word weer aangehaal:

- Dit is die verantwoordelikheid van die troeteldiereienaar om onmiddellik agter hulle honde skoon te maak en die mis van die gemeenskaplike area af te verwyder.
- Geen honde word in die hoofgebou toegelaat nie, behalwe geregistreerde gidshonde.
- Alle honde moet aan ‘n leiband vas wees en toepaslik beheer word wanneer hulle op gemeenskaplike eiendom beweeg.
- Eienaars, inwoners en hul besoekers word nie toegelaat om besoekende troeteldiere in die landgoed in te bring nie. Die enigste uitsondering is geregistreerde gidshonde.
- Troeteldiere moet in ‘n omheinde gebied met ‘n geskikte hek gehou word.
- Geen katte word op die landgoed toegelaat nie.
- Versuim om te voldoen aan hierdie reëls kan daartoe lei dat die inwoner opdrag gegee word om die troeteldier van die landgoed af te verwyder.

**IN GESPREK MET..(32)** Herman en Rina le Roux
Sport, borduur en spyseniering !

Herman, gebore 5 Maart 1935 op Frankfort in ‘n onderwysfamilie, verwerf sy BA graad by Tuks. Hy begin as algemene verslaggewer vir hof-en politieke sake by Die Volksblad in Bloemfontein in 1956 vir 31 jaar, en daarna as sportredakteur vir 21 jaar. In 1987 word hy verplaas na Beeld in Johannesburg as sport-assistent redakteur vir Hennie v Deventer. Na meer as veertig jaar diens by Nasionale Pers tree hy af in 1996. Na aftrede is hy deur die direksie van Nasionale pers met die Phil Weber-prys vereer.

Herman was lewenslank self betrokke by sport, veral tennis en gholf, waar hy o.a. gehelp het om die gholfreëls in Afrikaans te vertaal. In 1981 is hy as SA Brouerye se Sportskrywer van die jaar aangewys en sy naam verskyn op SAB se ererol van sportjoernaliste. As rugby skrywer het hy 7 internasionale toere meegemaak (Leeus, Franse en All Blacks). Hy het Nieu Seeland 5 keer besoek en ook All Blacks proewe bygewoon. Hy het 6 boeke geskryf oor sport en daar is tans nog een by die drukkers.

Rina Kleynhans van Tweespruit het na matriek op Excelsior , op Bloemfontein begin werk by ‘n prokureursfirma. (Sy het nie sportbladsye gelees nie!) Sy en Herman is op 9 Mei 1959 in Johannesburg getroud, maar die Vrystaat roep hulle terug. Terwyl hulle 5 kinders haar besig gehou het, was sy betrokke by ‘n tuisnywerheid en begin later saam met ‘n vriendin ‘n spyseniersonderneming. In Johannesburg en Randburg het sy produkte gelewer vir ‘n tuisnywerheid, Piekfyn. Rina was al die jare ‘n gereelde tennisspeler; het haar ernstige stokperdjie borduurwerk beoefen-sy is nog steeds besig daarmee.

Uit die huwelik is 2 seuns en 3 dogters gebore en hulle is geseënd met 9 kleinkinders en 2 agterkleinkinders.

Hulle is albei scrabble spelers, gretige voëlkykers en Herman hou hom nog steeds besig met skryfwerk. Hulle woon sedert 29 April 2021 in Kwartelstraat 5.

(Ingestuur deur Les)

## LANDGOEDSAKE: WATERTENKS

Tydens 'n direksievergadering gehou op 04 November 2021, is besluit dat daar voorsiening gemaak moet word vir noodwater vir die landgoed. Hierdie water kan dan deur inwoners aangewend word in geval van 'n onderbreking in die watertoevoer na die landgoed.

Indien elke eenheid sy toilet twee keer per dag vir 3 dae kan spoel, is dit nodig om 25 000L water beskikbaar te hệ. (=20 liter per dag x3) Twee 5 000L tenks is aan die suidekant van die woonstelle ge-installeer wat met  reënwater volgehou word. Drie 5 000L tenks is op strategiese plekke in die landgoed geplaas sodat dit beskikbaar is aan die huise se inwoners. Hierdie tenks word met munisipale water gevul.

Die water in die tenks is slegs vir gebruik om toilette te spoel om sodoende die rioolstelsel aan die gang te hou en om die risiko van gesondheidsprobleme te verminder. 'n Vloeistof om te voorkom dat die water "vrot", sal maandeliks by die water in elke tenk gevoeg word.

Verskeie opsies vir 'n geskikte ligging vir die watertenks is oorweeg. Daar is op die huidige posisies van die tenks besluit om die volgende redes:

- Inwoners van die huise kan met 'n voertuig tot by die watertenks ry.
- Die tenks is reg langs 'n parkeerarea geplaas, sodat inwoners nie ver
- hoef te loop met houers water nie.
- Die tenks is min of meer eweredig in die landgoed versprei.

Posisies waar tenks geplaas is:

- By die karavaan staanplekke.
- In Noordpark langs Houtkapper eenheid 104
- In Loeriepark langs eenheid 242

## ESTATE MATTERS: WATER TANKS

During a directors meeting on 4th November 2021, it was decided that provision must be made for emergency water . This water can then be used by residents in the event of an interruption in the water supply to the estate.

## ESTATE MATTERS: WATER TANKS

To ensure that each unit can flush a toilet at least twice a day for 3 days, it is necessary to have 25 000L available. (=20L per day x3)
Two 5 000L tanks have been installed south of the flats which are filled with rainwater. Three 5 000L tanks were placed in strategic places in the estate so that they are readily available to the residents of the houses. These tanks have been filled with municipal water.

The water in the tanks is only for use to flush toilets in order to keep the sewer system running and to reduce the risk of health problems. A liquid to prevent the water from "rotting", will be added to the water in each tank every month.

Several options for a suitable location for the water tanks were considered. It was decided on the current positions of the tanks for the following reasons:

- Residents of the houses can drive to the water tanks by vehicle.
- Since the tanks are placed right next to a parking area, residents can fill a container with water without walking far.
- The tanks are more or less evenly distributed in the estate.

Positions where tanks are placed:

- At the caravan parking.
- At Northpark next to Houtkapper unit 104
- At Loeriepark next to unit 242







IN GESPREK:
Herman en Rina le Roux



SANGGROEP

Inwoners word uitgenooi om Dinsdae om 14h00 in die saal die sanggroep wat tans uit 30 lede bestaan, te ondersteun.
Hulle soek veral mans om aan te sluit.

Die sangbundel word deur Avril Malan koordineer terwyl Leatitia Minnaar die begeleidster is. Die sangleier is Casper Laten.
Neil verseker ons dat stem kwaliteit of 'n operastem nie 'n vereiste is nie.
Kom geniet die uur van ontspanning en saamkuier!

**ELDIE NUUS**


1. Advertensie tariewe vir nie-inwoners:
   A5 volblad R600
   A5 ½ blad R400
   A5 ¼ blad R300
2. Inwoners kan gratis 'n ¼ blad advertensie plaas (maks 100 woorde)
3. Alle advertensies en bewys van betalings moet voor die 10e van die maand gestuur word na die redakteur by inamills@absamail.co.za
4. Alle betalings word by ontvangs gedoen, slegs per kredietkaart.
5. Inwoners word uitgenooi om interessante en toepaslike bydraes vir plasing in te stuur na die epos adres, of te plaas in die nuusbrief - poshokkie links van ontvangs.



Ina Niemann
Redakteur



Les Labuschagne
Mede-werker



Ontvangs
Verspreiding


2022 Toere
GoTrip
EXPERIENCE LIFE
VERTREK VANAF GAUTENG
KLEIN GROEP TOERE
Retoer vlugte ingesluit waar van toepassing!
Go Wildekus
3 - 9 April
R16 600
per persoon wat deel
R2300
Enkel Bybetaling
Go Kruger
15 - 20 Mei
R10 500
per persoon wat deel
R1950
Enkel Bybetaling
Go Namibië
30 Mei - 10 Junie
R31 900
per persoon wat deel
R4800
Enkel Bybetaling
Go Hermanus
5 - 10 Augustus
R15 500
per persoon wat deel
R2200
Enkel Bybetaling
Go Namakwaland
18 - 23 Augustus
R13 900
per persoon wat deel
R1500
Enkel Bybetaling
(3 ander datums ook beskikbaar)
Go Weskus
16 - 21 September
R13 500
per persoon wat deel
R1800
Enkel Bybetaling
Go Kgalagadi
10 - 16 Oktober
R14 850
per persoon wat deel
R2300
Enkel Bybetaling
Go Kersietyd
14 - 18 November
R8 900
per persoon wat deel
R2200
Enkel Bybetaling
Bespreek aanlyn!
www.gotrip.co.za
info@gotrip.co.za
065 542 5966

BESECURE MOBILE PANIC MONITORS

The panic buttons that are currently in use in the Estate, only indicate your unit number when pressed. When outside your unit it can not indicate your position when you are having an emergency.
However, the **all new** BeSecure **Mobile** Panic Monitor is lightweight and comfortable to wear at all times, with three standard wearable options: on a belt clip, lanyard or wrist band.
Your best friend when you most need it… when walking in the Estate, visiting friends or in your unit, or anywhere in the Estate. The Panic system has a **built-in location** assistant which will assist in locating you at a time of distress.
Residents can order these mobile panic monitors at Reception at a cost of **R 943 per monitor**, and **R 287.50** for delivery costs. If more than one device are ordered, residents can share the delivery costs. There are no monthly rental fees. When the battery is flat, a new one can be bought at reception.
When leaving the Estate to go on vacation, please inform reception. The administrator will then de-activate your personal monitor and re-activate on your return. This is necessary because the BeSecure system does regular daily checks on your monitor. If there has been no movement, you may receive a call or sms to check on you and your well-being.



## PANIC BUTTONS (Guide to Estate living)

- It is advisable that you always have your panic button on you.
- Although the panic button is primarily to be used in cases of medical or health emergencies, it can also be used in the event of a crime related incident or even if you feel unsafe.

**You are reminded that even though you live in a secure estate and many precautions are taken to enhance your safety, the responsibility for your personal safety and that of your belongings, ultimately lies with you.**

## NOODKNOPPIES

- Dit is raadsaam om altyd u noodknoppie by u te dra.
- Alhoewel die noodknoppie primệr gebruik moet word in gevalle van mediese –of gesondheidsprobleme, kan dit ook gebruik word in die geval van 'n misdaad insident of indien u onveilig voel.

**U word daarop gewys dat selfs al woon u in 'n veilige landgoed waar baie voorsorgmaatreëls getref word om u veiligheid te verseker, die verantwoordelikheid vir u eie veiligheid uiteindelik by uself lệ.**

## NUWE INTREKKERS

word hartlik verwelkom deur die Bestuur en Direksie. Doen navraag by die kantoor oor enige onsekerhede tov landgoed bedrywighede.

1012 George en Ros Patterson
1339 Marie Botha
1113 Annatjie Voges
1129 Jacob den Heijer (van 47
35 Rita de Waal (van 163
39 Hendrina Meaker
90 Jerrie Bezuidenhout

Maak vriende, wees vriendelik, skakel in by aktiwiteite en veraangenaam u verblyf hier.

## STERFTES

Die Bestuur en Direksie maak met leedwese die sterftes bekend van die volgende inwoners gedurende Januarie 2022

88 Jennifer Smith 5 Jan
8 Jean Brand 11 Jan
1233 Philne Bosman 18 Jan
201 Myra Haselau 28 Jan

## KERMIS 2022

Indien die ramptoestand opgehef word en Covid-19 se vyfde vlaag wat vir die winter voorspel word, dit toelaat, kan die Landgoed dalk weer kermis hou op Saterdag 20 Augustus 2022

## DEPRESSIE 1

**“..Ek onthou hoe ek langs my Pa staan en praat, maar hy staar… asof niks wat ek sệ ingaan nie. Ek kan nie tot hom deurdring nie. Hy het binnetoe verdwyn. Vervreem van sy gebroke gesin.**

**Jare later, sit ek en staar….**
**my dogtertjie probeer deurdring tot my.**
**Niks is lekker nie.  Niks maak my beter nie.**
**Ek worstel. Ek moet kies…trots of psigiater.**
**Ek is nie gesond genoeg om self te besluit nie. Ek het hulp nodig.**

**Hy het my uitgetrek uit die modderput van die dood. My op ‘n Rots laat staan. My wonderwerk kom in twee klein wit pilletjies.**
**Ek kan weer kleur sien. Ek kan weer Ma wees. Ek kan weer lewe.**

Hoe kyk my medemens na my? Beleef hulle my as “nors en hoogmoedig”. Noem hulle my name? As jong vrou het ek met depressie gesukkel.

(Ingestuur deur Lois)

Depressie is ‘n geestelike toestand gekenmerk deur oormatige treurigheid. Dit tas jou hele liggaam, gemoedstoestand en denke aan, affekteer jou eet-en slaappatrone, die manier hoe jy oor jouself voel , asook die manier hoe jy oor die wệreld dink. Dit is nie dieselfde as gewone “blues”  of hartseer wat ons almal partykeer voel nie; dit is nie ‘n teken van swakheid nie en dit kan nie weggewens word nie. Sonder behandeling kan simptome vir weke, maande of selfs jare aanhou.

Die meeste mense (1 uit 10) sal depressie in hulle lewens ervaar en nie die nodige hulp kry nie. Behandeling kan dit wegneem of onder beheer bring. Dit maak  nie saak of dit seisoenale depressie, nageboorte depressie of tiener depressie is nie. Die rede maak nie saak nie-die behandeling wel.

Dikwels soek mense nie hulp nie, want:

- depressie word  nie gesien as ‘n regte siekte nie;
- baie mense blameer hulself en dink hulle is swak;
- mense is bang en te skaam om vir hulp te vra;
- depressie word nie raakgesien nie.

(Vervolg…)

**BESPREKINGSGROEP**

Hierdie groep het weer hulle byeenkomste hervat op 8 Februarie 2022, na 'n tweejaar-lange ruskans.
Rae Labuschagne (Kwartel 4 ) het 'n uiters leersame en interessante praatjie gelewer oor " Die geheime van 'n lang lewe/The secrets of longevity". Twintig mense het dit bygewoon.

Die volgende byeenkoms is op 8 Maart om 10h00 in die saal en sal elke tweede Dinsdag van die maand plaasvind. Herman le Roux van Kwartel 5 sal aan die woord wees.(Sien in gesprek met ...artikel op bl 3.) Hy was jare lank sportredakteur by Beeld en Volksblad  en gesels oor "Die lief en leed van 'n sportjoernalis".

**BLOKBRAAIE / STRAATTEES**

Neem gerus foto's van julle gesellige byeenkomste en whatsapp die foto's en besonderhede na die nuusbrief nommer by 0716735276



CSi

Sales
Rentals
Property Management

**Trustworthy Property Solutions**

*Registered With The PPRA



## Ruan Erasmus

- 071 481 6199
- ruan@csisales.co.za

# Eldoraigne Retirement Estate

2 slaapkamer / 1 badkamer / enkel motorhuis / simpleks
**FOR SALE - R1 700 000**

2 slaapkamer / 2 badkamer / stoorkamer / enkel motorhuis / simpleks
**FOR SALE - R1 900 000**

2 slaapkamer / 2 badkamer / stoorkamer / enkel motorhuis / simpleks
**FOR SALE - R1 975 000**